

1 Mei

Skrifgedeelte: Lukas 24:13-27
Fokusgedeelte: Lukas 24:15

Met Christus op weg

Christus kan soms hier vlak by jou wees en jy besef dit nie. Die twee Emmausgangers, gelowiges soos ons, is saam met Jesus op weg, maar hulle herken Hom nie. Weet u hoekom nie? Omdat hulle gemoed en gedagtes só vol van hulle eie dinge is dat hulle God se saak miskyk. Daarom moet elke mens elke dag voortdurend in sy hart en gemoed met God besig wees. Dán sal jy Hom en sy werke in jou lewe herken.

Hierdie gebeure vind plaas op die aand van die opstandingsdag. Die Paasfees is verby. Dit was 'n Paasfees waartydens só baie dinge gebeur het. Die Christus is gekruisig en nou word selfs vertel dat Hy uit die dood opgestaan het. Terwyl hierdie wandelaars daarvoor praat sluit Jesus self by hulle aan, maar hulle herken Hom nie! Hulle harte was só vol van 'n mengelmoes van verdriet en twyfel dat hulle glad nie besef het dat Jesus by hulle is nie.

Die wonderlike van hierdie evangelie is egter dat Christus in die lewe van sy kinders inkom. Hy maak bemoeienis met sy kinders in hulle nood en twyfel. Vir God is ek of jy nooit maar net 'n nommer of maar net een van die massa nie. Hy ken ons verdriet en ons twyfel. Hy kom ons lewe binne deur sy liefde en genade en "praat" met ons deur sy Woord en Gees – soos met hierdie twee Emmausgangers. Gaan leef daarom vandag met dié vaste wete: Christus is ook in jón lewe en Hy is saam met jou op weg. Gaan leef oor 'n geopende Bybel met oop oë vir Christus in jou lewe.

Sing: Psalm 33:2, 5

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)